KERNWAARDES

Die Noordelike Sinode wil haar,
ten opsigte van die verstaan van haar identiteit,
in al haar aktiwiteite
laat lei deur die volgende kernwaardes:

Besluitneming gegrond op haar verstaan van die Bybel en die belydenisskrifte.

Verbintenis aan die kerkordelike ooreenkoms oor die werksterreine van die onderskeie dele van ons kerklike verband.

Gemeenskaplikheid met ander gelowiges in haar soeke na die wil van God in ‘n veranderende wêreld.

‘n Deernis vir mense in die hantering van diversiteit.

Sensitiwiteit vir die ryke verskeidenheid van gawes wat ringe, gemeentes, geslagte, generasies, kulture en persoonlikhede bied.

Die wydste moontlike betrokkenheid en aktiewe benutting van leraars, kerkraadslede en lidmate by die werksaamhede van die sinode.

Deursigtige besluitneming en administrasie.